

Item 3/2021



LAND USE PLANNING ASSESSMENT REPORT

(In terms of Sections 56, 65 & 66 of the Langeberg Land Use Planning Bylaw PN 264/2015, 30 July 2015)

AANSOEK: VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 490, H/V BARRY- & LOOPSTRAAT, ROBERTSON

Reference number	15/4/9/5	Application submission date	07-02-2020	Date report finalised	
PART A: AUTHOR DETAILS					
First name(s) & Surname	Jack van Zyl				
Job title	Assistent Bestuurder: Stadsbeplanning				
SACPLAN registration number	A/1170/2000				
PART B: PROPERTY DETAILS					
Property description (in accordance with Title Deed)	Erf 490, Robertson				
Physical address	H/V Barry- & Loopstraat	Town	Robertson		
Current zoning	Enkel Residensiële sone I	Extent (m ² /ha)	2141m ²	Are there existing buildings on the property?	Y N
Applicable zoning scheme	Langeberg Geïntegreerde Soneringskema				
Current land use	Woonhuis			Title Deed number & date	T40038/1992
Any restrictive title conditions applicable	Y	N	If Yes, list condition number(s)		
Any third party conditions applicable?	Y	N	If Yes, specify		
Any unauthorised land use/building work	Y	N	If Yes, explain		
PART C: APPLICATION DESCRIPTION					
Aansoek ingevolge Artikel 15(2) van die Munisipaliteit Langeberg: Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 490, Robertson vanaf Enkel Residensiële sone I na Onderverdelingsgebied en die onderverdeling daarvan in 5 Algemene Residensiële sone I erwe, 1 Vervoersone III erf en 1 Oopruimtesone II erf.					

PART D: BACKGROUND & SUMMARY OF APPLICANTS MOTIVATION

Die aansoek-eiendom is op die hoek van Barry- Loopstrate in Robertson en is 2141m² groot. Goedkeuring is op

Aanvanklik – in 2008 – is aansoek gedoen om die erf te onderverdeel en hersoneer ten einde een enkel residensiële erf (met die bestaande woonhuis daarop) van ±658m² te skep en 5 groeppure op die restant (±1483m²) op te rig. Die Langeberg Raad het dié aansoek goedgekeur, onderhewig aan 'n vermindering van die groeppure na 4 om dit binne 'n aanvaarbare digtheid te hou. Van die beswaarmakers het egter appelleer teen die besluit en die Wes-Kaapse Minister van Omgewingsake, Beplanning en Plaaslike Regering het die apel gehandhaaf.

'n Verdere aansoek het gevolg in 2018, naamlik om die erf in twee te deel (Gedeelte A - ±1529m² & Restant - ±612m², met die bestaande woonhuis op) en dan Gedeelte A te hersoneer na Algemene Woonsonne om 3 wooneenhede op te rig. Na aanleiding van 'n aantal (5) besware teen die hersonering, het die aansoeker die voorstel aangepas na slegs die onderverdeling in twee dele. Dié onderverdeling is op 25 Junie 2018 goedgekeur en is geldig tot 25 Junie 2023.

Die huidige aansoek behels die hersonering van die bg Gedeelte A na Onderverdelingsgebied en die onderverdeling daarvan in 5 Algemene residensiële sone I erwe (met primêre gebruiksreg van Groeppure), 'n privaatstraat (Vervoersone III), privaat oopruimte (Oopruimtesone II).

Die voorgestelde residensiële digtheid is 32.7 eenhede per hektaar. Die privaatstraat sal 5m breed wees en eenrigting verkeersvloei hê, met ingang in Loopstraat en uitgang in Barrystraat. Enkelverdieping wooneenhede, elkeen met 'n vloeroppervlakte van sowat 110m² word voorgestel. Die ontwikkeling sal ommuur wees met sekuriteitshekke by die in- en uitgange.

Die aansoeker se motivering berus op die volgende:

Voorsien aan behoefte vir bekostigbare behuising

Optimale benutting van grond


Geskakelde eenhede gee voorkoms van enkelresideniële

PART E: SUMMARY OF PUBLIC PARTICIPATION

Public participation required in terms of Sections 45- 49 of the By-law?				Y	N
Where participation is required, state method of advertising	Press	Notices	Ward Councillor	Other	

PART F: SUMMARY OF COMMENTS RECEIVED DURING PUBLIC PARTICIPATION (if applicable)

Daar is 8 besware teen die aansoek ontvang van die eienaars van die eiendomme soos hieronder aangedui.



Die besware behels die volgende:

- Verlaging in eiendomswaardes in die omgewing.
- Toename in geraas, huishoudelike steurnis, besoedeling
- Sekuriteitsrisiko verhoog.
- Verhoging in diensteverbruik, terwyl die dienstenetwerke in die omgewing reeds onder druk is
- Verhoogde stormwater afvloei.
- Plasing van vullis vir 5 huise in straat vir verwydering.
- Probleme geassosieer met meer verkeer: Verkeersdruk in Barrystraat wat die hoofroete na die noordelike dorpsgebied is; Onvoldoende op-perseel parkering en gevolglike straatparkering; Motorligte wat skyn op die huis oorkant die uitgang in Barrystraat;
- Digte ontwikkeling / groebehuising pas nie by huidige lae digtheid enkel residensiële omgewing nie.
- Karakter van ou deel van dorp gaan verander / Nuwe geboue gaan nie pas by die ouer, historiese geboue in die omgewing nie.
- Kan negatiewe presedent skep vir onvolhoubare hoë digtheid ontwikkeling in die dorp.
- Verwagte oorbewoning.
- Oopruimtes binne die ontwikkeling is onvoldoende.
- Verwagte oorbewoning, gebaseer op huidige gebruik van bestaande woonhuis.

Die aan aansoeker se kommentaar op die besware word as volg opgesom:

- Daar is 'n aantal klein erwe in die omgewing (voorbeeld genoem wissel van 190m² tot 303m²), waarmee die erfgrottes in die ontwikkeling van 213m² + vergelyk.
- Erf se unieke vorm leen dit tot ontwikkeling met minimum visuele impak van straataansig af.
- Area se karakter is nie net enkel residensiële nie, daar is klein besighede in nabye omgewing.
- Oopruimtes word voorsien ooreenkomstig die soneringskema vereistes.
- Boustyl kan beheer word deur HEV, wat nog die argitektoniese reëls moet bepaal.

- Verkeersimpak vergelyk met dié van die naaste gastehuis. Impak word ook verminder agv eenrigtingpad in die ontwikkeling.
- Ontwikkeling sal omring word met 'n muur, wat geraasimpak sal versag.
- Dit sal 'n goeie kwaliteit, aantreklike en veilige ontwikkeling wees wat waarde tot die omgewing sal toevoeg.
- Aaneengeskeelde wonings sal voorkoms/karakter skep van laer digtheid ontwikkeling.

PART G: SUMMARY OF COMMENTS FROM ORGANS OF STATE AND/OR MUNICIPAL DEPARTMENTS (if applicable)

Siviele Ingenieursdienste

Die aansoeker sal verantwoordelik wees vir alle kostes ten opsigte van die voorsiening van grootmaatdienste. Verder is die bydrae tot grootmaatdienste ook betaalbaar vir 5 addisionele geleenthede.

Boubeheer

Indien daar enige strukturele veranderinge, interne sowel as eksterne gedoen word aan enige bestaande geboue of indien daar nuwe geboue aangebring sou word of geboue gesloop word, moet daar formeel by hierdie Raad se Bouafdeling aansoek gedoen word vir goedkeuring.

Elektriese Ingenieursdienste

Die Elektriese Departement het geen beswaar teen die aansoek nie.

Die aansoeker is verantwoordelik vir die volgende kostes:

- Indien daar enige verandering aan die bestaande netwerk, meetpunt of aansluitingaangebring moet word.
- 'n Grootmaatheffing bereken teen 6kVA, per erf moet betaal word vir die skep van 5 erwe.
- Alle toevoerkabels tussen erf 490 en Gedeelte A moet verwyder word.

Die aansluitings sal onderworpe wees aan enige beperkende maatreëls wat die Nasionale Regering mag nodig ag vir die besparing van elektrisiteit.

Wyksraadslid

Geen beswaar

Omgewingsgesondheid – Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit

Die kantoor het geen beswaar teen die aansoek nie.

PART H: MUNICIPAL PLANNING EVALUATION (REFER TO RELEVANT CONSIDERATIONS GUIDELINE)

Die beplanningsevaluasie van die aansoek is gegrond op die tersaaklike oorwegings ("*relevant considerations*") soos uiteengesit in the Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning se riglyndokument. 'n Verkorte weergawe van die verduideliking van die begrip "*relevant considerations*" word aangeheg in Bylae 5.

Dit word bevestig dat die tersaaklike oorwegings in ag geneem is in hierdie evaluasie en dat die voorstel:

in lyn is met die ontwikkelingsbeginsels van SPLUMA and LUPA;

voldoen aan norme en standaarde, toepaslike nasionale en provinsiale regeringsbeleide, provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (PSDF) en die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk (SDF) soos verduidelik in meer detail hieronder;


nie bestaande regte en verpligtinge negatief sal beïnvloed nie;

nie sal afbreuk doen aan die grondwetlike transformasievereistes nie;
 akkomodeer kan word binne die bestaande ingenieursdienste, maatskaplike infrastruktuur en oopruimtes; mits die ontwikkelaar die vereiste ontwikkelingsheffings betaal;
 nie enige ondersoekke ingevolge ander wetgewing vereis of behels nie;
 in lyn sal wees met die toepaslike bepalings van die soneringskema;
 nie die omgewing in so 'n mate sal beïnvloed dat dit goedkeuring ingevolge omgewingswetgewing vereis nie;
 wenslik is, soos meer volledig motiveer word hieronder:

WENSLIKHEID

Versoenbaarheid met ruimtelike planne

Die Wes- Kaapse Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (PSDF), 2014 bevorder stedelike verdigting (invulling, verhoging van intensiteit en herontwikkeling) as 'n teenvoeter vir stedelike randsprei (urban sprawl) en gepaardgaande indringing van ontwikkeling in landbou areas, mooi landskappe en biodiversiteitsvoorkeurgebiede. Die voorstel behels 'n verhoging van intensiteit van gebruik en herontwikkeling van die perseel en voldoen dus aan die beginsels van die PSDF.



In order to secure a future sustainable future for the Province it is important that settlement planning and infrastructure investment schemes:

- i. higher densities
- ii. a shift to a suburban to urban development model
- iii. more compact settlement patterns, minimise environmental impacts, reduce the costs and time impacts of travel and enhance Provincial and Municipal financial viability, in relation to the provision and maintenance of infrastructure, facilities and services

Die Langeberg Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, (LSDF), 2015 bevorder ook "kompaksie", eerder as "uitbreiding" van stedelike nedersettings (Afd 5.4.1.4) en staan invulling en verdigting voor as 'n belangrike meganisme om dorpe in die gebied te herstruktureer (in Afdeling. 5.4.1.5). Die voorstel sal bydra hiertoe.

Ekonomiese impak

Die voorgestelde ontwikkeling sal na verwagting 'n positiewe ekonomiese impak op die dorp in die algemeen hê, aanvanklik deur verskaffing van werk in die konstruksiefase en oor die langtermyn deur die vestiging van ekonomies aktiewe inwoners in die dorp.

Sosiale impak

Die ontwikkeling van klein erwe teen 'n hoër digtheid behoort meer koste-effektief te wees as konvensionele enkelresidensiële erwe en sal dus geleentheid en opsies vir huisvesting in die dorp verbreed en potensieel meer bekostigbaar maak. Die beswaarmakers is bekommerd oor moontlike oorbewoning van die voorgestelde eenhede, wat 'n negatiewe sosiale impak sal hê. Die toelaatbare getal bewoners per eenheid kan egter reguleer word by wyse van die te stigte Huiseienaarsvereniging se reëls. Daar word voorgestel dat so 'n voorwaarde opgelê word as die aansoek goedkeur word.

Skaal van kapitale investering



Die voorgestelde ontwikkeling verteenwoordig 'n aansienlike kapitale investering in die dorp (bv. ontwikkeling van 5 erwe @ R100 000 per erf = R0.5m, plus sowat 550m² vloeroppervlakte bouwerk @ R9000/m² = R4.5m, vir totaal van minstens R5m).

Versoenbaarheid met omliggende gebruike en karakter van omgewing

Die voorgestelde ontwikkeling word beskou as versoenbaar met die omliggende gebruike. Die voorgestelde bruto digtheid van 32.7 wooneenhede per hektaar is aansienlik hoër as die digtheid in die onmiddellike omgewing, naamlik sowat 8.5 erwe per hektaar (gemeet oor omliggende 13.1 hektaar, met 111 erwe). [Die digtheid in die omgewing in terme van getal wooneenhede per hektaar is waarskynlik heelwat hoër, bv as aanvaar word dat 25% van die 111 erwe 'n tweede woning het, is die digtheid 10.6 wooneenhede per hektaar]. Die voorgestelde digtheid van die 5 eenhede is egter steeds minder as 4 maal die digtheid van die omgewing, wat algemeen as versoenbare digtheidsverhouding beskou word (vgl bv die voormalige Artikel 8 skemaregulasies se beperkings vir Groepbehuising).

Die feit dat die aansoekperseel twee straatfronte het en voorgestel word om van die eenhede aanmekaar te skakel, sal dit ook van straatvlak af goed laat inpas by die karakter van die omliggende woonomgewing en versoenbaar maak met die omliggende gebruike.

Impak op eksterne ingenieursdienste

Die ontwikkeling kan binne die munisipale dienstenetwerke akkomodeer word. Die normale bydrae tot grootmaatsdiens (ontwikkelingsheffings) sal van toepassing wees om voorsiening te maak vir verhoging in kapasiteit by munisipale grootmaatsdiensinstallasies.

Impak op erfenis

Die eiendom val binne die Erfenisgebied wat in die Langeberg Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2015 voorgestel word. Daar word egter geen impak op erfenis voorsien nie.

Verkeersimpak, parkering, toegang en ander vervoerverwante oorwegings

Die voorgestelde eenrigting privaatpad op die perseel met toegang vanaf Loopstraat en uitgang in Barrystraat word as voldoende beskou. Die ontwikkeling sal slegs 'n geringe toename in verkeer genereer, naamlik van 3 ekstra wooneenhede. Die impak van die ekstra verkeer sal verder verminder word deurdat van 'n eenrigting toegangspad gebruik gemaak word en die feit dat die in- en uitgang op twee verskillende strate is.

Impak op die lewenskwaliteit van die inwoners in die onmiddellike omgewing

Impak op privaatheid

Die ontwikkeling behoort nie 'n onaanvaarbare impak te maak op die privaatheid van omliggende inwoners nie. Die grootste potensiaal vir impak op privaatheid is ten opsigte van die inwoners van die 4 aangrensende erwe. Die inwoners van 3 van dié 4 erwe het dan ook beswaar aangeteken, naamlik erwe 489, 488 en 492. In die praktyk behels die onderverdeling dat erf 489 net met een van die nuwe erwe 'n grens sal deel en erwe 488 en 492 elkeen met twee nuwe erwe. Die aansoeker het egter aangedui dat daar 'n muur op die gesamentlike grense opgerig gaan word om privaatheid te beskerm en klank te demp, terwyl 'n 3m boulyn ook aan die ontwikkeling se kant van die gesamentlike grens van toepassing is (in vergelyking met die huidige 1.5m vir Enkelresidensiële sone I).

PART I: ADDITIONAL PLANNING EVALUATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIONS (REFER TO ROR GUIDELINE)

NVT

PART J: RECOMMENDATION

Dat die hersonering van 'n gedeelte van erf 490, Robertson (1529m² groot) vanaf Enkel Residensiële sone I na Onderverdelingsgebied en die onderverdeling daarvan in 5 Algemene Residensiële sone I, 1 Vervoersone III en 1 Oopruimtesone II erwe ingevolge Artikel 60 van die Langeberg Munisipaliteit : Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015, goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

Grondgebruikbeperkings en boubeheer

1. Die ontwikkeling (erwe 1 tot 7) moet geskied in ooreenstemming met die onderverdeling- en soneringsplan gemerk ROB490-LBM-OP(2)
2. Die aansoeker is daarvoor verantwoordelik om 'n Huiseienaarsvereniging vir die ontwikkeling in te stel ingevolge Artikel 29 van die Langeberg Munisipaliteit : Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015. Die grondwet van die Huiseienaarsvereniging (ingesluit 'n verpligte argitektuur- en landskaperingshandleiding) moet deur die Langeberg Munisipaliteit goedgekeur word voordat enige erwe in die ontwikkeling oorgedra mag word. Die grondwet moet minstens die volgende reëlings uitspel:
 - 2.1 Besit van en beheer oor gemeenskaplike grond en dienste
 - 2.2 Verskaffing van en betaling vir munisipale dienste aan en deur individuele erwe en – wooneenhede
 - 2.3 Beheer oor argitektuur en landskapering (ingesluit bouplan goedkeuringsproses)
 - 2.4 'n Beperking op die getal bewoners per wooneenheid, ooreenkomstig die okkupasiestandaard van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (Wet Nr 103 van 1977) en die Langeberg Geïntegreerde Soneringskema-verordening, 2018.
3. Voordat daar met enige bouwerke op die terrein begin mag word, moet bouplanne, wat aan die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde (Wet Nr 103 van 1977) voldoen, by die Langeberg Munisipaliteit ingedien en goedgekeur word.

Voorsiening van ingenieursdienste

4. Die ontwikkelaar is verantwoordelik vir die installering van alle interne siviele en elektriese ingenieursdienste vir die ontwikkeling (elektrisiteit, water, riool, paaie en stormwater ingesluit), sowel as vir die betaling van ontwikkelingsheffings vir grootmaatsdienste. Die volgende spesifieke reëlings en vereistes geld:
 - 4.1 Die ontwikkeling sal van 'n enkele munisipale wateraansluiting voorsien word tot 1m binne die erfsgrens aan Barrystraat, op aansoek van en vir die koste van die ontwikkelaar.
 - 4.2 Daar moet 'n rioolaansluiting vir die ontwikkeling in Barrystraat gemaak word, op die ontwikkelaar se koste (Aansoek moet by die munisipaliteit gedoen word daarvoor). Die onus is op die ontwikkelaar om te verseker dat die aansluiting op die geskikte diepte gemaak word vir aansluiting van die ontwikkeling se interne rioolnetwerk.
 - 4.3 Uitleg- en ontwerpplanne van alle dienste (behalwe elektrisiteit) moet aan die Bestuurder Siviele Ingenieursdienste voorgeleë word vir skriftelike goedkeuring alvorens daar begin mag word met enige konstruksiewerke.
 - 4.4 Uitleg- en ontwerpplanne van alle elektriese installasies moet aan die Bestuurder Elektriese Ingenieursdienste voorgeleë word vir skriftelike goedkeuring alvorens daar begin mag word met enige konstruksiewerke. 'n

- 4.5 Ontwikkelingsheffing ten opsigte van grootmaat siviele dienste is betaalbaar deur die aansoeker/ontwikkelaar, teen die begrote tarief vir 4 addisionele geleenthede, bo en behalwe die heffing wat reeds opgelê is met die vorige goedkeuring van die onderverdeling van erf 490 in 2 dele.
 - 4.6 Die ontwikkelaar is verantwoordelik vir die kostes van enige nodige opgradering of verandering aan die elektriese netwerk, meetpunt of aansluiting, insluitend die aanbring van elektriese kables vanaf 'n munisipale substasie tot by die ontwikkeling en installering van 'n meterkas.
 - 4.7 Ontwikkelingsheffing ten opsigte van grootmaat elektriese dienste is betaalbaar deur die aansoeker/ontwikkelaar, teen die begrote tarief vir 4 addisionele erwe teen 6kVA per erf, bo en behalwe die heffing wat reeds opgelê is met die vorige goedkeuring van die onderverdeling van erf 490 in 2 dele.
 - 4.8 Die stormwaterstelsel in die ontwikkeling moet so ontwerp word dat stormwater uitgelaat word in die leiwaterkanaal in Barrystraat, met voorsiening vir hoogteverskille.
5. Vullisverwydering sal vanaf Loopstraat geskied, uit die doelgemaakte vullisarea soos getoon op plan, wat deur die ontwikkelaar voorsien moet word volgens die vereistes van die Langeberg Munisipaliteit se Bestuurder: Vaste Afvalbestuur. Die vullisarea moet voltooi wees voordat enige erwe in die ontwikkeling registreer word.
6. Die straatadresse van die betrokke gedeeltes sal as volg wees:
- Restant Erf 490: Barrystraat 53
- Groephuiskompleks: Loopstraat 27 (individuele wooneenhede sal dan by dié adres as Eenheid 1 tot Eenheid 5 genommer word). Die straatnommer van die kompleks moet by die ingang in Loopstraat aangebring word.

Administratiewe reëlings en statutêre vereistes

7. Ingevolge Artikel 22(1) van die Langeberg Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 verval die onderverdeling na 5 jaar vanaf datum van goedkeuring indien dit nie bevestig is soos bedoel in Artikel 21 van dieselfde verordening.
8. Ter uitvoering van Artikels 20(5)(c) van die Langeberg Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 moet die aansoeker die konsep LG diagramme by die Langeberg Munisipaliteit Stadsbeplanningsafdeling indien vir endossering as goedgekeurde onderverdelingsplan ingevolge Artikel 60.
9. Voorwaardes 2, 4 (met alle onderafdelings) en 5 moet nagekom word voordat 'n sertifikaat ingevolge Artikels 20(6) en 28 van die Langeberg Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2015 uitgereik word. Hierdie sertifikaat moet saam met die transportdokumente ingedien word alvorens die onderverdeling deur die Aktekantoor getranspoteer sal word.

DEEL K: BYLAES

Bylae 1 - Planne

Bylae 2 - Motivering

Bylae 3 - Beswaar

Bylae 4 – Reaksie op beswaar

Bylae 5 – Opsomming van tersaaklike oorwegings ("Relevant Considerations")

DEEL L: SKRYWER HANDTEKENING

.....


J L E R VAN ZYL
ASSISTENT BESTUURDER: STADSBEPLANNING
GEREGISTREERDE PROFESSIONELE BEPLANNER – NR. A/1170/2000

.....

DATUM

BYLAE 1


Planne



SCALE 1:2500

LOCATION PLAN: ERF 490 ROBERTSON
(previously approved subdivision, not yet registered)

ERF	ZONING	SIZE	%
1	General Residential Zone 1	219m ²	
2	General Residential Zone 1	213,7m ²	
3	General Residential Zone 1	278m ²	
4	General Residential Zone 1	225m ²	77%
5	General Residential Zone 1	242,3m ²	
6	Transport Zone III (private road)	302m ²	19,75%
7	Open Space Zone II (private)	49m ²	3,2%
		1529m ²	100%



Development Parameters:

- one storey units
- 32,7 units per ha
- 252m² open space (private & communal)
- two parking bays at each unit + two for visitors
- service yards provided
- refuse room provided

SDP: PORTION A OF ERF 490 ROBERTSON (1529m²): PROPOSED REZONING FROM SINGLE RESIDENTIAL ZONE I TO SUBDIVISIONAL AREA & SUBDIVISION INTO 7 ERVEN



Motivering

MOTIVATIONAL REPORT

APPLICATION for REZONING from Single Residential Zone I to SUBDIVISIONAL AREA to create 5 group housing erven, as well as a private road and open space erf: PORTION A OF ERF 490 ROBERTSON

1. PURPOSE OF APPLICATION & BACKGROUND

According to Section 15(1) of the Langeberg Municipal Land Use Planning Bylaw of 2015, no person may commence land development without the approval of the Municipality. According to Section 15(2) the owner of land may apply to the Municipality for, *inter alia*, the rezoning and subdivision of land.

The subdivision of Erf 490 Robertson in two portions of 612m² (Remainder with existing house, garage and afdak) and 1529m² (vacant Portion A) was approved on 25 June 2018.

The purpose of this application is to develop five dwelling units on Portion A.

2. LOCALITY AND ACCESS TO ERF

Erf 490 Robertson is located on the south-western corner of Barry Street and Loop Street with pedestrian access (directly into house) from Barry Street and vehicular access from Loop Street (garage and afdak).

Proposed Portion A has access from both streets.

3. CHARACTERISTICS OF SITE AND SURROUNDING AREA

Erf 490 Robertson is 2141m² in extent and belongs to Ronald Anthony and Yolanda Marianne Lekay according to Deed of Transfer T40038/1992.

A dwelling house, garage and afdak are located in the north-eastern corner of the erf. The subdivision of this portion of Erf 490 (612m²) was approved in 2019. The remainder of the erf is vacant, leaving a L-shaped area of 1529m² undeveloped.

The surrounding area is mainly single residential in character with a few guest houses / bed and breakfast establishments such as on Erven 497 (Twin Palms), 498 (Nouveau Guest Accommodation) and 591 (Vlettershof), all opposite the application site. Small businesses such as Lido Liquor Shop, Corner Café and another café opposite, Marais Fisheries & Meat and AF Kriel Butchery are located a block lower down Barry Street. Wineland Power Tool Services operated from the house on Erf 580 (opposite corner).

4. LEGISLATION APPLICABLE

According to the Langeberg Integrated Zoning Scheme Bylaw (IZS), P.N. 71/2018, the application site is zoned for Single Residential Zone I (dwelling house).

The IZS makes also provision for General Residential Zone 1 with group housing as primary use.

"Group housing" and *"group housing scheme"* mean a group of separate or linked dwelling units where (a) every dwelling unit has a ground floor; (b) the units may be cadastrally subdivided; (c) the units are planned, designed and built as a harmonious architectural entity in an ordered way; and (d) the units are integrated with communal private open spaces, private roads and parking.

Development parameters are:

- (a) Design principles: All buildings and structures must be planned, designed and built as a harmonious architectural entity and special attention must be given to aesthetics, architectural coordination, urban design and landscaping;
- (b) Density: The maximum gross density on a group housing site is 35 dwelling units per hectare;
- (c) Height: The height of dwelling units may not exceed 6 metres / 8,5 metres to the ridge of the roof in the case of a pitched roof;
- (d) Open space: outdoor space of at least 50 m² per dwelling unit must be provided (private or communal open space) that is inaccessible to motor vehicles, but excludes roads, service yards and parking areas;
- (e) Building lines:
 - street boundary building line of 5 metres (external public street);
 - side and rear boundary building lines are 3 metres along the perimeter of site;

- street boundary building line 0 metres (internal street); but any garage has to be 5m from the kerb;
- side and rear boundary building lines are 0m within the group housing site;
- (f) Parking: 2 parking bays per unit and 0,25 bays/unit for visitors;
- (g) Site development plan must be submitted;
- (h) Service yard must be provided; and
- (i) Refuse room must be provided.

5. APPLICATION

Application is made for the following:

In terms of Section 15(2)(a):

Application is made for a rezoning of Portion A of Erf 490 Robertson (1529m²) from Single Residential Zone I to Subdivisional Area to create the following erven:

- Erf 1: 219m² (General Residential Zone 1)
- Erf 2: 213,7m² (General Residential Zone 1)
- Erf 3: 278m² (General Residential Zone 1)
- Erf 4: 225m² (General Residential Zone 1)
- Erf 5: 242,3m² (General Residential Zone 1)
- Erf 6: 302m² (Transport Zone III (private road))
- Erf 7: 49m² (Open Space II (private))

In terms of Section 15(2)(d):

Application is made for the subdivision of Portion A of Erf 490 Robertson in the above-mentioned seven erven.

The above development adheres to all the development parameters of General Residential Zone I (group housing) and therefore no departures are required:

- a) Design principles: All buildings and structures will be planned, designed and built as a harmonious architectural entity with special attention to aesthetics, architectural coordination, urban design and landscaping;
- (b) Density: The gross density will be 32,7 units per hectare;
- (c) Height: All dwelling units will be one storey;
- (d) Open space:
 - Erf 1: 31m² private open space
 - Erf 3: 101m² private open space
 - Erf 4: 35m² private open space

Each unit will have its own stoep, braai and garden.

The private open spaces as indicate on the SDP will therefore be adjusted and most *probably increased*.

There is a definite need for such housing in Robertson, and the proposed development will create an opportunity to make affordable erven available to this market.

This large, vacant and unusual form erf will be optimally used for needed residential needs *within a community to ensure sustainable livelihoods*.

- **Spatial Sustainability & Efficiency**

The proposed development will be spatial sustainability as it will be a cost effective development for both the owner as the municipality by providing small affordable erven with efficient structures (such as duets with shared external walls) in Robertson town, accessible to working and commercial opportunities/facilities. Although it is located within a single residential area, the application erf is larger than most of the surrounding erven. The L-shaped form of the erf with access to two streets is ideal for such a development where a one-way internal road can give access to different dwelling units. The L-shape form hides the extent of the full development from both streets. The dwelling units of Erven 1 and 2 will have a similar scale than a dwelling house adjacent to Barry Street, while the dwelling units on Erven 4 and 5 will have a similar scale than a dwelling house along Loop Street. The fifth unit on Erf 3 will be hidden in the corner of the application site / in the middle of the block of erven.

The applicant has liaised with the municipal engineers who indicated that municipal services are available to be connected to.


The development will be secured by both an external wall and access controlled gates at both the entrance and exit.

